GAUTENG PROVINCE
Department: Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2012

10710

REKENINGKUNDE

18 bladsye

REKENINGKUNDE + ANTWOORDBOEK
1071A

10710A

X10

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Kopiereg voorbehou

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN

REKENINGKUNDE

TYD: 3 uur

PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

- Jy word voorsien van 'n vraestel en 'n antwoordboek.
- Die vraestel bestaan uit 6 verpligte vrae. Beantwoord al hierdie vrae.
- Gebruik die antwoordboek wat verskaf is om jou antwoorde in weer te gee.
- Berekeninge moet getoon word om deelpunte te verdien.
- Probeer om by die voorgestelde tydindelings te hou.
- Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
- Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

VRAAG 1: 40 punte; 24 minute	
Onderwerp van vraag:	**Leeruitkomstes gedek:**
Rekonsiliasie en interne kontrole	LU1 Finansiële rekeningkunde AS4 Analiseer en interpreteer rekonsiliasies LU3 Bestuur van bronne AS6 Pas interne kontrole- en ouditprosesse toe

VRAAG 2: 40 punte; 24 minute	
Onderwerp van vraag:	**Leeruitkomstes gedek:**
Voorraadwaardasie en kontrole	LU1 Finansiële rekeningkunde AS5 Interpretasie van finansiële inligting LU3 Bestuur van bronne AS4 Voorraadwaardasie AS6 Pas interne kontrole en ouditprosesse toe

VRAAG 3: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp van vraag:	**Leeruitkomstes gedek:**
Vervaardiging	LU2 Bestuursrekeningkunde AS2 Voorbereiding, analisering en verslagdoening van koste-inligting LU3 Bestuur van bronne AS6 Pas interne kontrole en ouditprosesse toe

VRAAG 4: 65 punte; 39 minute	
Onderwerp van vraag:	**Leeruitkomstes gedek:**
Maatskappy verslaggewing	LU1 Finansiële rekeningkunde AS5 Stel finansiële state op AS6 Analiseer 'n ouditverslag LU3 Bestuur van bronne AS5 Gedragskode en die rol van professionele liggame AS6 Pas interne kontrole en ouditprosesse toe

VRAAG 5: 75 punte; 45 minute	
Onderwerp van vraag:	**Leeruitkomstes gedek:**
Kontantvloei en interpretasie van 'n maatskappy	LU1 Finansiële rekeningkunde AS5 Opstel en interpretasie van finansiële state LU3 Bestuur van bronne AS5 Gedragskode

VRAAG 6: 30 punte; 18 minute	
Onderwerp van vraag:	**Leeruitkomste gedek:**
Begroting	LU2 Bestuursrekeningkunde AS3 Analiseer en interpreteer 'n kontantbegroting LU3 Bestuur van bronne AS6 Pas interne kontrole en ouditprosesse toe

VRAAG 1

REKONSILIASIE **(40 punte; 24 minute)**

1.1 Jy word voorsien van inligting aangaande die sake van KIA ORA HANDELAARS.

GEVRA:

1.1.1 Die eienaar van Kia Ora Handelaars vermoed dat die boekhouer die onderneming deur middel van die krediteurestelsel bedrieg. Noem TWEE interne kontrolemaatreëls wat toegepas moet word om beheer oor krediteure te behou. (4)

1.1.2 Vergelyk die rekeningstaat van die krediteur, Ozzie Winkels, met die krediteuregrootboek van Kia Ora Handelaars.

(a) Stel die rekening van Ozzie Winkels op in die krediteuregrootboek van Kia Ora Handelaars en dui die veranderinge of regstellings aan deur met die foutiewe saldo te begin. (9)

(b) Stel 'n krediteurerekonsiliasiestaat op. (8)

INLIGTING:

1. STAAT ONTVANG VAN KREDITEURE

OZZIE WINKELS REKENINGSTAAT: GEDATEER: 30 APRIL 2012			
KIA ORA HANDELAARS			
DATUM		**BESONDERHEDE**	**BEDRAG**
April	1	Saldo	29 100
	5	Faktuur 690	8 580
	7	Kredietnota 218	680
	13	Betaling ontvang	18 990
	23	Faktuur 754	5 990
	27	Faktuur 792	8 180
	29	Rente op oortrokke rekening	24
		Saldo	32 204

2. KREDITEUREGROOTBOEK VAN KIA ORA HANDELAARS

OZZIE WINKELS						
Datum		**Besonderhede**	**Fol**	**Debiet**	**Krediet**	**Saldo**
Apr	1	Rekening gelewer				29 100
	5	Faktuur 690	KJ		9 840	38 940
	7	Debietnota 218	KAJ	680		38 260
	13	Tjek 224	KBJ	18 990		19 270
		Korting ontvang	KBJ	2 110		17 160
	14	Faktuur 268	KJ		5 774	22 934
	23	Faktuur 754	KJ		5 990	28 924
	27	Faktuur 792	KJ		7 362	36 286
	30	Faktuur 802	KJ		3 772	40 058

3. FOUTE EN WEGLATINGS

'n Vergelyking van OZZIE WINKELS se Rekeningstaat met hul rekening in die krediteuregrootboek van KIA ORA HANDELAARS het die volgende foute aan die lig gebring:

- Faktuur 690 vir handelsvoorraad gekoop op 5 April is foutiewelik geboekstaaf as R9 840 in die krediteuregrootboek.
- Kia Ora Handelaars het gekwalifiseer vir 'n 10%-korting op die 13 April-betaling, omdat dit binne 30 dae betaal is. Ozzie Winkels het dit uit die rekeningstaat weggelaat, maar het ooreengekom om later die rekening met R2 110 te verminder.
- Faktuur 268 op 14 April was 'n fout deur Kia Ora Handelaars. Die goedere is gekoop van Crain Verspreiders en nie van Ozzie Winkels nie.
- 'n Handelskorting van 10% is goedgekeur op goedere gekoop op 27 April 2012 (faktuur 792). Dit is nie in berekening gebring deur Ozzie Winkels nie.
- Faktuur 802 verskyn nie op die rekeningstaat ontvang van Ozzie Winkels nie, omdat die rekeningstaat op 29 April opgestel is en die transaksie op 30 April 2012 plaasgevind het.

1.2 Die volgende items het op die bankrekonsiliasiestaat van Olympia Handelaars op 30 Junie 2012, die einde van die finansiële jaar, voorgekom. Bestudeer die gegewe inligting en beantwoord die vrae wat volg.

INLIGTING:

BANKREKONSILIASIESTAAT OP 30 JUNIE 2012

Ongunstige saldo volgens bankstaat	3 800
Uitstaande deposito	2 460
Tjeks nie vir betaling aangebied nie	
Nr. 54 (gedateer 30 November 2011)	450
Nr. 111 (gedateer 15 Maart 2012)	345
Nr. 115 (gedateer 29 Junie 2012)	780
Nr. 125 (gedateer 30 September 2012)	400
Nr. 160 (gedateer 30 Junie 2012)	321

GEVRA:

1.2.1 Waarom is dit vir 'n onderneming belangrik om 'n maandelikse bankrekonsiliasiestaat op te stel? Noem EEN rede. (2)

1.2.2 Een van die tjeks wat nie vir betaling by die bank aangebied is nie, is verkeerd gehanteer. Watter tjek is dit? Dui die korrekte stappe wat gedoen moes word aan. (4)

1.2.3 Bereken die korrekte saldo van die bankrekening in die grootboek van Olympia Handelaars. Neem jou antwoord op VRAAG 1.2.2 in berekening. (7)

1.2.4 Verduidelik waarom 'n debietorder vir die betaling van die versekering van R1 200 nie in die bankrekonsiliasiestaat voorkom nie. (2)

1.2.5 Verduidelik watter stappe jy sou doen indien 'n tjek wat deur 'n ander onderneming uitgereik is, op jou bankstaat as 'n betaling verskyn. (2)

1.2.6 Verduidelik waarom 'n vooruitgedateerde tjek op 15 Maart 2012 ontvang en vir 15 Julie 2012 gedateer is, nie op die bankrekonsiliasiestaat vir 30 Junie 2012 verskyn nie. (2)

40

VRAAG 2

VOORRAADWAARDASIE **(40 punte; 24 minute)**

Jy word voorsien van inligting aangaande Johra Skoene vir die jaar geëindig 29 Februarie 2012. Die onderneming koop en verkoop een tipe skoen en S. Takkie is die eienaar.

Die onderneming maak gebruik van die periodieke voorraadstelsel en die geweegde gemiddelde-metode van voorraadwaardasie.

GEVRA:

2.1 Bereken die geweegde gemiddelde-waarde per eenheid op 29 Februarie 2012. (Rond af tot die naaste rand.) (9)

2.2 Bereken die waarde van die voorraad voorhande op 29 Februarie 2012. (3)

2.3 Stel die Handelsrekening op om die bruto wins vir die maand geëindig 29 Februarie 2012 te bepaal. (11)

2.4 Die eienaar, S.Takkie, wil haar onderneming verkoop. Sy het jou as die rekenmeester van Johra Skoene genader en gevra dat jy die voorraadwaardasie-metode na die EIEU-metode verander om 'n hoër wins en slotvoorraad vir die onderneming te bewerkstellig, sodat sy haar onderneming teen 'n hoër prys kan verkoop.

2.4.1 Bereken die waarde van die voorraad voorhande op 29 Februarie 2012 deur gebruik te maak van die EIEU-metode van voorraadwaardasie. (5)

2.4.2 Sal dit eties wees vir S. Takkie om die voorraadwaardasie-metode te verander? Gee TWEE redes om jou antwoord te staaf. (5)

2.4.3 Watter EEN van die twee voorraadwaardasie-metodes bied beter interne kontrole oor voorraad en waarom? (5)

2.4.4 Wat stel AARP voor ten opsigte van voorraadwaardasie? (2)

INLIGTING:

Rekeningkunde-rekords van Johra Skoene:

Besonderhede	Datum	Getal skoene	Eenheidsprys	Totaal
Beginvoorraad	1 Maart 2011	145	R200	R29 000
Aankope		2 000		R573 500
	20 Mei 2011	400	R250	R100 000
	25 Oktober 2011	1 200	R275	R330 000
	18 November 2011	300	R425	R127 500
	16 Desember 2011	100	R160	R16 000
Slotvoorraad	29 Februarie 2012	145	?	?
Verkope	1 Maart 2011 tot 29 Februarie 2012	2 000	600	R1 200 000

- Die skoene wat op 18 November gekoop is, is ingevoer. Invoerregte betaal, beloop R15 000.

40

VRAAG 3

VERVAARDIGING **(50 punte; 30 minute)**

Jy word voorsien van inligting aangaande Trendy Modes vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2012. Die onderneming maak rokke vir formele funksies van ingevoerde materiaal. Hulle gebruik die deurlopende voorraadstelsel vir alle voorraad, behalwe in die geval van indirekte materiaal waar hulle van die periodieke stelsel gebruik maak. Florence Nxumalo is die eienaar van die onderneming.

GEVRA:

3.1 Bereken die Direkte Arbeidskoste vir die jaar. (7)

3.2 Stel die Fabrieksbokostenota op. (16)

3.3 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2012 op. Toon alle berekeninge in hakies. (14)

3.4 Bereken die bruto wins vir die jaar geëindig 29 Februarie 2012. (8)

3.5 Verduidelik aan die eienaar hoe om die gelykbreekpunt te bereken. (Moenie dit bereken nie.) (3)

3.6 Florence is bekommerd oor die kontrole oor sekere kostes. Direkte materiaal behels meer as 40% van die koste van een rok, terwyl direkte arbeid meer as 30% behels. Florence vra jou raad in die verband.

- Gee TWEE voorstelle hoe die gebruik van direkte arbeid doeltreffend verbeter kan word. (2)

INLIGTING VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2012:

1. Voorraad voorhande aan die begin van die jaar behels:

Grondstofvoorraad	R180 000
Goedere-in-bewerkingvoorraad	R157 500
Klaarproduktevoorraad	R192 000
Indirekte materiaalvoorraad	R14 800

2. Grondstof (materiaal vir rokke) is gedurende die jaar van Japan af ingevoer. Besonderhede is:

   Koste van materiaal op krediet ingevoer: $120 000
   (wisselkoers R8.00 = $1.00)

   Doeaneregte op die materiaal betaal: 30%
   Verskepingskoste betaal: R95 000

3. Indirekte materiaal is gedurende die jaar vir kontant aangekoop, R25 200. Vervoerkoste hierop is uit die kleinkas betaal, R400.

4. Besoldiging is soos volg:

   - Die 4 direkte werkers het vir 160 dae gedurende die jaar gewerk, 9 uur per dag teen R30 per uur. Al vier werkers het ook 5 uur oortyd vir 12 dae gewerk. Oortyd word betaal teen normale tyd plus 50%.
   - Die voorman is 'n salaris van R220 000 vir die jaar betaal.
   - Die skoonmaker is R3 640 per maand betaal. Dit moet tussen die fabriek-, die kantoor- en die verkoopsafdeling in die verhouding 5 : 1 : 1 verdeel word.
   - Die verkoopspersoneel is 'n kommissie van R156 000 betaal.

5. Elektrisiteit en water gedurende die jaar betaal, was R54 000 en die Huur betaal, het R132 000 beloop. Die huur vir Februarie is nog nie betaal nie. Hierdie kostes moet soos volg volgens vloerspasie verdeel word:

Fabriek	300 meter²
Kantoor	80 meter²
Verkoopsafdeling	120 meter²

6. 'n Voltooide rok is uit die winkel gesteel. Die koste van die voltooide artikel het R10 000 beloop en die verkoopsprys was R15 000. Die onderneming gebruik te alle tye 'n vaste winsopslag.

7. Voorraad voorhande aan die einde van die jaar het die volgende behels:

Grondstofvoorraad	R40 000
Goedere-in-bewerkingvoorraad	R102 900
Klaarproduktevoorraad	R127 500
Indirekte materiaalkoste	R13 200

8. Die volgende totale het aan die einde van die finansiële jaar in die grootboek voorgekom:

Administratiewe koste	R133 000
Verkoops- en verspreidingskoste	R144 000

50

VRAAG 4

FINANSIËLE STATE **(65 punte; 39 minute)**

Die rekenmeester van Shaids Handelaars Bpk, I.M. Sweetie, het die jaareind-aansuiwerings in ag geneem en **het 'n netto wins voor belasting van R550 338 bereken.** Dit het egter aan die lig gekom dat sommige aansuiwerings nie in berekening geneem is toe die netto wins voor belasting bereken is nie. Dividende verklaar vir die jaar is nie in berekening gebring nie.

GEVRA:

4.1 4.1.1 Toon die Handels- en ander Betaalbares nota van die Balansstaat op 29 Februarie 2012. (20)

4.1.2 Voltooi die Balansstaat op 29 Februarie 2012 aangesien sekere die einde van die finansiële jaar. Verwys na jou antwoordboek aangesien sekere inligting reeds in die antwoordboek vir jou ingevul is. (25)

INLIGTING

1. Die volgende lys van saldo's het, onder andere, in die boeke van Shaids Handelaars Bpk., op 29 Februarie 2012 voorgekom, **voordat** die addisionele aansuiwerings in berekening gebring is.

	R
Gewone aandelekapitaal: (pari-waarde R50 per aandeel)	1 600 000
Gewone aandelepremie	100 000
Behoue inkomste (1 Maart 2011)	129 500
Verbandlening: Daphne Finansieringshuis	250 000
Grond en geboue (1 Maart 2011)	8 548 000
Voertuie (1 Maart 2011)	860 000
Opgelope waardevermindering op Voertuie (1 Maart 2011)	210 000
SAID: Inkomstebelasting (Dt)	201 858
Bank (Kt)	45 000
Handelsvoorraad	321 000
Krediteurekontrole	452 589
Opgelope uitgawes	5 000
Vooruitontvange inkomste	7 500
Handels- en ander ontvangbares	65 200
Wins en verlies	550 338

2. **Gebruik die onderstaande inligting om die Handels en ander Betaalbares nota te bereken.**

2.1 Die bankstaat toon 'n deposito van I.M. Honest wie se rekening voorheen as oninbaar afgeskryf is, R798.

2.2 As gevolg van 'n oorstroming is Handelsvoorraad ter waarde van R30 000 beskadig. Die versekeringsmaatskappy het onderneem om 75% van die eis uit te betaal. Die geld is nog nie ontvang nie.

2.3 Geen inskrywing is gemaak vir 'n tjek ontvang van R810 van X. Ndebele, 'n debiteur, nie. Hierdie tjek is ontvang as 'n dividend van 30 sent in die rand wat deur sy insolvente boedel betaal is. Die saldo moet as oninbaar afgeskryf word.

2.4 Een werknemer se salaris is nie geboekstaaf nie. **Alle bydraes deur die werkgewer gemaak, word teen die salarisrekening gedebiteer.** Die besonderhede is soos volg: Alle betalings sal in Maart 2012 gedoen word.

Bruto Salaris	Aftrekkings			Bydraes			
	LBS	WVF	Pen-sioen	Mediese fonds	WVF	Pensioen-fonds	VOH
15 000	3 000	150	750	2 000	150	750	1% van basiese salaris

2.5 'n Ou voertuig met 'n kosprys van R100 000 is vir R2 000 ingeruil op 1 September vir 'n nuwe voertuig wat R400 000 kos. Die ou voertuig het 'n drawaarde van R4 000 gehad op 1 Maart 2011. Waardevermindering moet op alle voertuie afgeskryf word teen 20% op die kosprys.

2.6 As gevolg van die swak ekonomiese klimaat het die maatskappy nie 'n tussentydse dividend gedurende die jaar betaal nie. 'n Finale dividend van R78 000 is op 29 Februarie 2012 verklaar.

2.7 Daar word verwag dat die lening van Daphne Finansieringshuis met 'n bedrag van R36 000 in die volgende finansiële jaar verminder sal word.

2.8 Voorlopige belastingbetalings gedurende die jaar het R201 858 beloop en die totale inkomstebelasting is bepaal op R214 020 vir die jaar.

2.9 Die netto wins na belasting beloop R115 675.

4.2 KORPORATIEWE BESTUUR EN OUDIT

KORPORATIEWE BESTUUR IN SUID-AFRIKA

KING III DRA DIE BELANG VAN ALLE AANDEELHOUERS DIE BESTE OP DIE HART.

Baie openbare debatte vind rondom maatskappywetgewing plaas na aanleiding van die nuwe Maatskappyewet van 2008 en meer onlangs, na die vrystelling van die KING-KODE en DIE VERSLAG oor STAATSBEHEER in SUID-AFRIKA. [KING III], wat op 1 Maart in werking tree. Maar wat is KING III se betrokkenheid en hoe raak dit besighede in Suid-Afrika?

Dit is egter geen verrassing nie dat baie van die konsepte van die nuwe kode die idees van die nuwe Maatskappyewet van 2008 weerspieël.

Byvoorbeeld, die kode vereis van die raad om in die "beste belang van die maatskappy" op te tree en om op te tree as middelpunt vir, en bewaarder van, korporatiewe beheer deur die verskaffing van effektiewe leierskap gebaseer op etiese grondslag en om te verseker dat die maatskappy 'n verantwoordelike korporatiewe burger is en dat maatskappy-etiek effektief bestuur word.

KING III kom ooreen met internasionale neigings aangesien baie lande korporatiewe beheerriglyne vir soortgelyke sake uitgereik het.

Uittreksel uit 'n artikel (Vaughn Pierce en Stephen Kennedy-Good)

GEVRA:

4.2.1 "Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid" is een van die sewe primêre kenmerke van goeie korporatiewe bestuur. Verduidelik wat dit beteken. (2)

4.2.2 Noem DRIE ander kenmerke van goeie bestuur soos dit in die King-kode voorkom. (3)

4.2.3 Wat is 'Korporatiewe Bestuur'? (3)

4.2.4 Waarvoor staan IFRS? (1)

4.2.5 Waarom is dit belangrik vir 'n ouditverslag om IFRS en die Maatskappyewet te noem? (3)

4.2.6 Wat kan die gevolge vir die aandeelhouers wees as die onafhanklike ouditeure nie hulle werk nougeset doen nie? (2)

4.2.7 Verduidelik aan die direkteure wat die verskil tussen, asook die hooffunksie van, die interne en eksterne ouditeure is. (6)

VRAAG 5

KONTANTVLOEI EN INTERPRETASIE **(75 punte; 45 minute)**

Die onderstaande inligting is geneem uit die rekords van CHAVOOS HANDELAARS BEPERK. Hulle finansiële jaar eindig op die laaste dag van Februarie.

GEVRA:

5.1 Stel die volgende grootboekrekeninge in die Algemene Grootboek op 29 Februarie 2012 op:

5.1.1 Verdelingsrekening (10)

5.1.2 SAID (inkomstebelasting) (6)

5.2 Stel die volgende notas tot die Kontantvloeistaat van Chavoos Handelaars Beperk op vir die jaar geëindig 29 Februarie 2012:

5.2.1 Rekonsiliasie tussen die wins voor belasting en kontant deur bedrywighede voortgebring (21)

5.2.2 Nie-bedryfbates gekoop (8)

5.3 Stel die volgende afdelings vanuit die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2012 op:

5.3.1 Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite (4)

5.3.2 Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite (5)

5.4 Die volgende vrae het betrekking op die vuurproefverhouding:

5.4.1 Bereken die vuurproefverhouding vir 2012. (4)

5.4.2 Lewer kortliks kommentaar oor die vuurproefverhouding. (4)

5.5 Die volgende vraag is van toepassing op die debiteure-invorderingstermyn:

Stel TWEE maniere voor waarop die debiteure-invorderingstermyn verbeter kan word. (2)

5.6 5.6.1 Bereken die skuld/ekwiteitsverhouding vir 2012. (4)

5.6.2 Lewer kortliks kommentaar oor die skuld/ekwiteitsverhouding. (2)

5.7 Bereken die netto batewaarde per aandeel vir 2012. (5)

INLIGTING:

1. **Verhoudings en persentasies bereken vanuit finansiële state. Gebruik die verhoudings en persentasies waar van toepassing.**

Nr	Formules	2012	2011
1	Vuurproefverhouding	?	0,45 : 1
2	Gemiddelde debiteure-invorderingstydperk	55 dae	50 dae

2. **Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2012**

	2012
Inkomstebelasting	52 500
Rente op lening	18 125
Rente op oortrokke bank	3 500
Waardevermindering op toerusting	16 000
Waardevermindering op voertuie	?

3. **Uittreksel uit Balansstate**

	2012	2011
Eiendom, masjinerie en toerusting	409 300	281 000
Bedryfsbates	120 700	93 600
Voorraad	60 700	56 700
Handels- en ander ontvangbares **Verwys na nota**	60 000	30 400
Kontant en kontantekwivalente	-	6 500
Gewone aandelekapitaal	200 000	150 000
Aandelepremie	25 000	15 000
Behoue inkomste	75 000	27 500
Nie-bedryfslaste (lenings)	150 000	100 000
Bedryfslaste	80 000	82 100
Handels -en ander betaalbares **Verwys na nota**	73 400	82 100
Oortrokke bank	6 600	-

4. Die maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 400 000 gewone aandele van R2 elk. Addisionele aandele is op 1 Maart 2011 uitgereik.

5. Dividende: interim en finaal, R50 000

6. Vaste bates

	Grond en geboue	Voertuie	Toerusting
Kosprys	207 000	75 000	60 000
Opgelope waardevermindering		(27 000)	(34 000)
Drawaarde op 2011/02/29	207 000	48 000	26 000

	Grond en geboue	Voertuie	Toerusting
Kosprys	301 000	110 000	80 000
Opgelope waardevermindering		(47 200)	(34 500)
Drawaarde op 2012/02/29	301 000	62 800	45 500

- 'n Addisionele stoorkamer is gedurende die jaar gebou.
- Nuwe toerusting is gedurende die jaar gekoop, terwyl ou toerusting met 'n kosprys van R25 000 en opgelope waardevermindering van R15 500 op 29 Februarie 2012, teen drawaarde vir kontant verkoop is.
- 'n Tweedehandse voertuig is gedurende die jaar gekoop.

7.

Handels- en ander ontvangbares	2012	2011
Handelsdebiteure	55 800	26 800
SAID (inkomstebelasting)	-	1 500
Vooruitbetaalde uitgawes	4 200	2 100

8.

Handels- en ander betaalbares	2012	2011
Handelskrediteure	31 400	62 100
SAID (inkomstebelasting)	2 000	-
Aandeelhouers vir dividende	40 000	20 000

VRAAG 6

KONTANTBEGROTING **(30 punte; 18 minute)**

Die inligting aan jou verskaf, is geneem uit die boeke van Xaba Handelaars.

INLIGTING:

Krediteure word twee maande na die maand van aankope betaal, byvoorbeeld:
Goedere wat op krediet in Oktober gekoop is, sal in Desember betaal word.

GEVRA:

6.1 Noem TWEE moontlike maniere waarop die aankoop van toerusting befonds kan word. (2)

6.2 Bereken watter persentasie van aankope van voorraad kontant was in die maand van Oktober. (4)

6.3 Bereken die kredietverkope vir Oktober 2011. 'n 10%-korting is toegestaan aan klante wat binne dertig dae betaal. (6)

6.4 Watter persentasie debiteure betaal hulle rekeninge binne dertig dae? Gebruik syfers vir Oktober 2011 om jou antwoord te bepaal. (4)

6.5 Gebruik jou antwoorde op VRAAG 6.2, 6.3 en 6.4 hierbo om aan te dui of die ontvangste van debiteure, betalings aan krediteure en die aankope van voorraad goed bestuur word. (5)

6.6 Noem TWEE items wat ingesluit kan word in "ander vaste uitgawes". (2)

6.7 Identifiseer TWEE uitgawes wat in die geprojekteerde inkomstestaat kan voorkom, maar nie in die kontantbegroting nie. (2)

6.8 Dink jy dit was 'n goeie besluit om nie die vaste deposito te herbelê nie? Staaf jou antwoord met 'n berekening. (5)

INLIGTING:

1. **Kontantbegroting vir die tydperk 1 Oktober tot 31 Desember 2011**

KONTANTONTVANGSTE	Oktober	November	Desember
Kontantverkope	330 000	360 000	270 000
Kontant van debiteure	122 400	166 800	195 600
Verval van vaste deposito (insluitend rente vir ses maande teen 6% p.j.)		74 200	
Lening		180 000	50 000
Totale ontvangste	**452 400**	**781 000**	**515 600**
KONTANTBETALINGS			
Kontantaankope van voorraad	55 000	60 000	45 000
Kontant betaal aan krediteure	120 000	160 000	220 000
Rente op lening		1 500	1 917
Aankoop van toerusting		225 000	225 000
Ander vaste uitgawes	125 000	125 000	125 000
Totale betalings	**300 000**	**571 500**	**616 917**
Surplus/Tekort	152 400	209 500	(101 317)
Beginbanksaldo	(7500)	144 900	354 400
Eindbanksaldo	**144 900**	**354 400**	**253 083**

2. DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE

KREDIET-VERKOPE	Oktober	November	Desember
Augustus	36 000	0	0
September	86 400	48 000	0
Oktober	**0**	**118 800**	**66 000**
November	**0**	**0**	**129 600**

30

TOTAAL: 300

EINDE